# 'N TEGNIEK VIR DIE IDENTIFISERING VAN MENSE SE KONSEPTE VAN GOD

F.J. van Jaarsveld[1] en J. Janse van Rensburg[2]

## ABSTRACT


## A TECHNIQUE FOR THE IDENTIFICATION OF MAN'S CONCEPTS OF GOD

Man's concepts of God occupy an important place in pastoral counselling. However, the identification of concepts of God is complex. Various efforts are reported. In this article an adjusted form of the repertory grid is discussed as a technique for the identification of man's concepts of God. Empirical research about concepts of God by means of an adjusted form of the repertory grid is reported. This includes the development and evaluation of a category system for the interpretation of personal constructs regarding concepts of God. The results of the empirical research prove the suitability of the adjusted form of the repertory grid for the identification of concepts of God both in individuals and tendencies among groups of individuals.


## OPSOMMING


Die konsepte wat mense van God huldig neem 'n belangrike plek in gedurende pastorale gesprekvoering. Die identifisering van Godskonsepte is egter 'n komplekse saak. Verskeie pogings is reeds aangewend in hierdie verband. In hierdie artikel word 'n aangepaste vorm van die repertoirerooster bespreek as 'n tegniek om mense se Godskonsepte relatief akkuraat en vry van waarnemervooroordeel te bepaal. In 'n literatuurondersoek word die persoonlikekonstruk-teorie en die repertoirerooster bespreek. 'n Empiriese ondersoek na mense se Godskonsepte deur middel van 'n aangepaste vorm van die repertoirerooster word gerapporteer. Dit sluit in die ontwikkeling en evaluering van 'n kategoriestelsel vir die interpretasie van persoonlike konstrukte rakende Godskonsepte. Die resultate wat met die empiriese ondersoek verkry is, toon dat die aangepaste repertoirerooster-tegniek geskik is vir die identifisering van sowel enkel-individue se Godskonsepte as om tendense by groepe individue te bepaal.



1 Prof. F. J. van Jaarsveld, afgetrede professor in Bedryfpsigologie/Psigologie aan die Universiteit van Venda; Doktorale student, Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

2 Prof. J. Janse van Rensburg, Hoof van die Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

# 1. PROBLEEMSTELLING

Godskonsepte neem 'n belangrike plek in by pastorale gesprekvoering. Hierdie stelling impliseer dat die pastor wesenlik geïnteresseerd is in die funksie en uitwerking van die konsepte wat gespreksgenote van God het. Godskonsepte is egter 'n komplekse saak. Daar moet rekening gehou word met die vele fasette waarin God Hom in die Skrif openbaar. Kultuuropvattinge, lewensbeskoulike vraagstukke en antropologiese voorstellinge speel 'n belangrike rol hierin. Die terapeut se eie kerklike tradisie en dogmatiese oortuigings bring mee dat waarnemervooroordeel nie altyd uitgesluit is nie. Daarby kom die feit dat die terapeut sy eie unieke Godskonsepte het wat 'n weergawe is van wat God vir hom persoonlik beteken. Hierdie aspekte kan sy waarneming sodanig beïnvloed dat hy 'n konstruktiewe Godskonsep verkeerdelik as destruktief beoordeel en gevolglik terapeuties ontoepaslik daarop reageer. Louw (1997:387) gaan selfs so ver om sy bedenkinge uit te spreek oor die haalbaarheid van die vasstelling van 'n gespreksgenoot se Godskonsepte. Vir die pastor wat sonder die hulp van objektiewe meetmiddels vir die identifisering van mense se konsepte van God op sy subjektiewe oordeel moet staatmaak, laat dit die weg oop vir waninterpretasie. Hy kan nie seker wees dat hy die gespreksgenoot se Godskonsepte korrek begryp en interpreteer nie. Die implikasie is dat die gespreksgenoot gelaat mag word met ontoepaslike Godskonsepte wat 'n remmende invloed op sy geloofsgedrag uitoefen.

Omdat elke persoon se Godskonsepte vir hom uniek is, en wysiging daarvan pynlik en traumaties kan wees, waarsku Louw (1997:388) dat die pastor hier besondere skroom en terughoudendheid moet beoefen. So 'n versigtige houding, saam met die feit dat bedenkinge mag bestaan oor die akkuraatheid van die geïdentifiseerde Godskonsepte, kan meebring dat daar gedurende pastorale terapie van Godskonsepte weggegeskram word, met ernstige konsekwensies. Daardeur word die waarde van die pastorale diagnose ernstig gereduseer. Dit kan ook meebring dat die pastor wegskram van terapie waar herstrukturering van ontoepaslike of patologiese Godskonsepte nodig is met 'n gevolglike remmende invloed op die ontwikkeling van geloofsvolwassenheid. Organiese Skrifhantering relevant tot mense se lewensvraagstukke kom dan nie tot sy reg nie.

Tot dusver is die identifisering van Godskonsepte relatief lukraak en spekulatief gedoen. 'n Aantal pogings is aangewend om mense se konsepte van God meer wetenskaplik te bepaal. Basset en ander (1990:73-81) rapporteer byvoorbeeld nie-verbale meting van Godskonsepte: individue moes prente teken van hulle voorstelling van God. Hierdie prente is volgens sekere kriteria in kategorieë verdeel en aan ander individue voorgelê met die

opdrag om die prente waarmee hulle identifiseer, te kies. Op hierdie wyse is gepoog om insig in Godskonsepte te kry. Mense se konsepte van God is ook ondersoek deur die analisering van hospitaalpasiënte se gebede. Grossoehme (1996:33) wys daarop dat veral die aksie van God in pasiënte se gebede 'n rol speel. Hulle verwag dat God vir hulle iets sal doen. Met betrekking tot verhaalanalise as 'n metode vir die identifisering van Godskonsepte bespreek Louw (1997:389-390) komiese, tragiese, romantiese, ironiese, dramatiese en terapeutiese verhale. Hy toon aan dat vermelding van die Godsnaam of verwante temas soos die wil van God, sy straf, of sy genade vir die terapeut aanduidend kan wees van bepaalde Godskonsepte.

Daar word met waardering kennis geneem van pogings om mense se konsepte van God te identifiseer. Elke metode werp lig op die vele aspekte van hoe mense oor God dink. Daar word egter gevoel dat daar nog tekortkominge bestaan in die tot dusver bekende metodes. Gevolglik word in hierdie navorsingsontwerp gesoek na 'n tegniek om Godskonsepte relatief akkuraat en vry van waarnemervooroordeel te identifiseer. In 'n ander artikel in hierdie uitgawe van *Acta Theologica* ("Godskonsepte tydens pastorale gesprekvoering") is na die beginsel van die repertoirerooster as 'n tegniek vir die identifisering van Godskonsepte verwys. In hierdie artikel word dieper ingegaan op die praktiese toepassing van die tegniek.

## 2. NAVORSINGSHIPOTESE EN DOELWIT

Met verwysing na die voorafgaande probleemstelling bestaan die vermoede dat 'n aangepaste vorm van die repertoirerooster-tegniek wat oorspronklik vir die identifisering van persoonlike konstrukte (sien Kelly 1955; Fransella 1978; Fransella & Bannister 1984; Stewart *et al*. 1981; Van Jaarsveld 1986) ontwikkel is, geskik is vir die identifisering van mense se Godskonsepte. Dit word derhalwe in hierdie navorsingsontwerp as doelwit gestel om met die repertoirerooster as basis 'n tegniek te ontwikkel waarmee mense se konsepte van God relatief vry van waarnemersvooroordeel geïdentifiseer kan word.

## 3. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die ontwikkeling van 'n tegniek vir die identifisering van individue se Godskonsepte sluit sowel 'n literatuur- as 'n empiriese ondersoek in. Die twee komponente vorm 'n geïntegreerde eenheid. Inligting wat deur middel van die literatuurondersoek verkry is, dien as motivering vir die besondere vorm wat die empiriese ondersoek aanneem.

## 3.1 Literatuurondersoek

In hierdie navorsingsontwerp word 'n aangepaste vorm van die tegniek wat Kelly (1955:270-272) vir die identifisering en evaluering van persoonlike konstrukte ontwerp het, in die empiriese ondersoek gebruik. In die lig hiervan is dit noodsaaklik dat 'n sinoptiese oriëntering ten opsigte van sowel die persoonlikekonstruk-teorie as die repertoirerooster as navorsingstegniek aangebied word.

### 3.1.1 Persoonlikekonstruk-teorie

Die Amerikaanse kliniese psigoloog, G. A. Kelly (1905-1967), het as uitvloeisel van sy kognitiewe psigoterapie die persoonlikekonstruk-teorie bekend gestel in werke soos *The psychology of personal constructs* (1955), *A theory of personality* (1963) en *Clinical psychology and personality* (1969). Volgens hierdie teorie word die individu se gedrag deur sy persoonlike konstrukte en sy konstruksisteem bepaal.

Elke mens strewe om sin uit sy wêreld te maak. Met hierdie doel voor oë ontwikkel en herontwikkel hy 'n onuitgesproke teoretiese raamwerk oor baie sake soos byvoorbeeld biljart, liefdesaangeleenthede, kinders, of oor God. In terme van hierdie sisteem leef hy, antisipeer hy gebeurtenisse en bepaal hy sy gedrag. Dit is egter slegs teorieë in die sin dat dit netwerke van singewing is waardeur hy die heelal of situasies waardeur hy beweeg, sien en hanteer. Daar word na hierdie teorieë as die persoon se *persoonlike konstrukte* verwys. Op hulle beurt is hierdie kleiner teorieë gekoppel aan die oorkoepelende teorie wat 'n persoonlike konstruksisteem genoem word (Fransella & Bannister 1984:2).

Die persoonlikekonstruk-teorie is gebaseer op die filosofiese benadering dat elke mens oor die vrye wil en kognitiewe vermoë beskik om 'n gebeurtenis op verskillende maniere te beleef en te interpreteer. Kelly (1970:1) noem hierdie vermoë *konstruktiewe alternativisme*. Daar is dus nie 'n enkele, absoluut korrekte manier waarop die wêreld of enige aspek daarvan deur alle mense vertolk word nie. Mense mag wel dieselfde gebeurtenisse beleef, maar elkeen interpreteer hierdie gebeurtenisse subjektief en dus op verskillende maniere. Daarom is daar nie net een Godsbeskouing wat vir alle mense onbetwisbaar korrek is nie. Hierdie aspek van konstruktiewe alternativisme word onder meer deur die navorsing van Van Jaarsveld (2001:192-235) met betrekking tot Godskonsepte by mense in die verskillende stadia van die volwasse lewensiklus geïllustreer.

Sekere algemene eienskappe wat deur Kelly beskryf word en vir die doel van hierdie navorsingsprojek belangrik is, is dat persoonlike konstrukte bi-

polêr is en in 'n hiërargiese orde met mekaar skakel (sien Hjelle & Ziegler 1983:329-331; Möller 1995:139-140; Smith & Vetter 1982:241-242). Die individu se keuse van een konstruk beïnvloed sy verdere keuse van ander toepaslike konstrukte. In die onderhawige navorsingsprojek is veral *kernkonstrukte* in onderskeiding van *randkonstrukte* van wesenlike belang. Weens die hiërargiese sisteem waarin konstrukte met mekaar verbind is, lê kernkonstrukte sentraal in die individu se persoonlikheidsfunksionering. Die meeste mense het vier tot ses kernkonstrukte wat nie maklik verander nie. Dit sluit byvoorbeeld die individu se geloof in God in.

### 3.1.2 Repertoirerooster-tegniek

Met die oog op blootlegging van 'n kliënt se persoonlike konstruksisteem het Kelly (1955:270-272) die rolkonstruk-repertoriumtoets ontwikkel. Die toets het uit 'n vraelys bestaan wat volgens Anastasi (1963:629) gemeenskaplike eienskappe met die Semantiese Differensiaal vertoon. Verfynings van hierdie toets het tot die ontwikkeling van die repertoirerooster gelei. Laasgenoemde tegniek word tans wyd gebruik om individue se persoonlike konstrukte oor 'n groot verskeidenheid onderwerpe te identifiseer.

Fransella & Bannister (1984:4) beskou die repertoirerooster-tegniek as 'n gestruktureerde onderhoud waardeur informasie op so 'n wyse uit die kliënt verkry word dat waarnemervooroordeel tot bykans zero beperk word. Shaw (1978:59) beskryf dit as 'n instrument wat die individu bewus maak van sy eie gedagtepatrone en gevoelens. 'n Belangrike aantrekkingskrag van die tegniek is sy rol in die ontwikkeling van 'n woordeskat en die struktuur wat dit voorsien om pre-verbale gedagtes in 'n verbale vorm om te skakel (Stewart *et al*. 1981:83).

Die repertoirerooster met sy gesistematiseerde en individuele aanslag bied 'n metode om byna enige probleem op 'n presiese en onbevooroordeelde wyse te ondersoek (Davisson 1978:31-32). Enkele voorbeelde word genoem. Op 'n algemene vlak is die tegniek, volgens Pope (1978:76-77), by die opleiding van onderwysers betrek. Beard (1978:70) skryf dat hy die repertoirerooster-tegniek in sy navorsing oor die evaluering van leesbekwaamheid gebruik het. In die kliniese veld meld Meshoulam (1978:111) die bestudering van hakkelaars se konstruering van bipolêre spreeksituasies. Kerrick-Mack (1978:117-118) het in die repertoirerooster sekere inherente eienskappe gevind wat hy kon gebruik by 'n kliniese navorsingsprojek oor persoonlikheidsgroei. Sully (1997:127-133) het die repertoirerooster-tegniek aangewend om die konstruk *werk versus nie-werk* in die landelike gebied van Suid-Afrika te ondersoek. Van Jaarsveld (1986) het die loop-

baandilemmas van middeljarige mans met gebruikmaking van die repertoirerooster ondersoek.

Die basiese samestelling van die reperoirerooster bestaan uit 'n aantal elemente en konstrukte wat deur vergelyking van die elemente onthul word. Met betrekking tot die kompilasie en dokumentasie van die resultate word 'n bruikbare metode deur Stewart en ander (1981:11-36) asook deur Fransella & Bannister (1984:11-19) beskryf. Aanvanklik is die tegniek as 'n diagnostiese instrument ontwerp om die terapeut te help sodat hy sy pasiënt se konstruering van ander mense en die omgewing beter kan verstaan. Dit is derhalwe nie moontlik om die repertoirerooster in sy oorspronklike vorm vir die identifisering van Godskonsepte te gebruik nie. Belangrike aanpassings moes gemaak word om genoemde tegniek vir die identifisering van Godskonsepte aan te wend. Afgesien van kleiner aanpassings, is veral twee belangrike aanpassings gedoen, naamlik met betrekking tot die *elemente* vir die repertoirerooster en met betrekking tot die *kategorisering* van die konstrukte wat uit die konstruering van die elemente verkry is.

*Elementontwikkeling*. Die aard van die gesprek wat tussen die onderhoudvoerder en die respondent gaan plaasvind, word deur die keuse van die elemente bepaal. Die elemente bestaan meestal uit mense, voorwerpe, gebeurtenisse of aktiwiteite (Stewart *et al*. 1981:30). Die onderhoudvoerder of die respondent kan die elemente voorsien. Ook kan die respondent die elemente na aanleiding van 'n stel vrae of sekere riglyne wat vir elke element neergelê word, verskaf (Stewart *et al*. 1981:32-36).

*Konstrukonthulling*. Konstrukonthulling is die proses waardeur die persoonlike konstrukte van die elemente verkry word. Persoonlike konstrukte verteenwoordig die dimensies wat die respondent gebruik wanneer hy oor die elemente dink. Dit behels derhalwe die bipolêre onderskeidings wat gemaak word. Verskeie metodes vir die onthulling van persoonlike konstrukte word beskryf. In die onderhawige empiriese ondersoek is die *minimumkonteks-kaartvorm* (sien Fransella & Bannister 1984:14-16) gebruik. Die prosedure is die volgende: drie elemente word per keer aan die respondent voorgelê en hy moet aandui in watter belangrike opsig twee van hulle ooreenstem en derhalwe verskillend is van die derde element. Die ooreenkoms tussen die twee elemente vorm die konstrukpool, terwyl die verskil die kontraspool uitmaak.

Dokumentasie van die onderhoud word op die volgende wyse gedoen: die kaartjies waarop die elemente neergeskryf is, word genommer. Op die rekordbladsy word aan die linkerkant die nommers van die elementkaartjies wat as 'n drietal vir die vergelyking van die elemente aan die respondent voorgelê word, neergeskryf. Die nommers van die twee elemente

wat saamgegroepeer word, word onderstreep. Die persoonlike konstruk wat deur hierdie vergelyking onthul word, word in bipolêre vorm neergeskryf. Die onderhoudvoerder noteer die beskrywing van die saamgegroepeerde paar aan die linkerkant van 'n koppelteken. Dit is die konstrukpool. Die beskrywing van die enkel-element, met ander woorde dit wat die enkel-element verskillend van die ander twee elemente maak, word aan die regterkant van die koppelteken neergeskryf. Dit is die kontraspool. Die volgende kort voorbeeld uit die empiriese ondersoek illustreer die metode van dokumentasie:

| | | | |
|---|---|---|---|
| <u>1</u>2<u>3</u> | is naby | - | is ver |
| <u>4</u>5<u>6</u> | is nie God nie | - | is God |
| 7<u>89</u> | bevelend | - | ondersteunend |

Die metode wat vir die *analisering en interpretasie* van repertoirerooster-data aangewend word, hang onder meer af van die doel waarvoor die data benodig word. Metodes wat in die literatuur beskryf word, is algemene inspeksie, frekwensietelling, inhoudsontleding, visuele fokus en gevorderde rekenaarontleding. In die onderhawige navorsingsopset is van inhoudsontleding gebruik gemaak.

Om inhoudsontleding met betrekking tot konstrukte uit te voer, word 'n reeks kategorieë waarin die persoonlike konstrukte gesorteer kan word, ontwerp. Dit word gewoonlik gedoen aan die hand van 'n bekende teorie in die vakliteratuur (Holsti 1969:94-126).

## 3.2 Empiriese ondersoek

Die doel van die empiriese ondersoek in hierdie navorsingsopset was om deur analisering en interpretasie van sekere metafore vir God individue se Godskonsepte te bepaal.

### 3.2.1 Respondente vir die empiriese ondersoek

Vyftig Afrikaanssprekende blanke manlike en vroulike persone met 'n Christelike geloofsoortuiging is op 'n toevallige basis as respondente vir die ondersoek geselekteer. Hulle ouderdomme het van agtien tot twee-en-sewentig jaar gewissel. Vier-en-twintig respondente was manlik en ses-en-twintig vroulik. Die gemiddelde ouderdom was 43,3 jaar en die mediaan-ouderdom 39,5 jaar. Vyf-en-dertig respondente het oor 'n Senior Sertifikaat as hoogste kwalifikasie beskik. Die oorblywende vyftien respondente se opvoedkundige kwalifikasies het onder meer die volgende ingesluit: Diploma

in Beeldende Kunste, Onderwysdiploma, B.A., B.Soc.Sc., B.Sc. (Hons.), B.Th., M.B. Ch.B., Ph.D. en D.Phil.

### 3.2.2 Elemente vir die repertoirerooster

In die onderhawige empiriese ondersoek het die onderhoudvoerder die elemente voorsien. Omdat die doel die identifisering van mense se Godskonsepte was, is sommige metafore vir God wat in die literatuur beskryf word, as elemente vir die repertoirerooster aangewend. Louw (1997:400-403) beskryf elf Godsvoorstellinge in kognitiewe geloofsgedrag waarvan vyf positief en ses negatief is. In die lig van McFague (1987:61-62) se voorstel en opmerkings deur De Klerk (1998:9) word die metafoor "God as Moeder" ingesluit. Op sterkte van bevindings deur Pieterse en ander (1993:202) van 'n neiging by blanke gelowiges in Suid-Afrika, is ook die metafoor "God as 'n Geweldige Krag" bygevoeg. Op hierdie wyse is die volgende relatief verteenwoordigende lys van metafore vir God as elemente vir die repertoirerooster-ondersoek saamgestel:

1. God as Vader.
2. God as 'n Geweldige Krag.
3. God as Vriend.
4. God as Sadis.
5. God as Verlosser.
6. God as Kersvader.
7. God as Trooster.
8. God as Bedryfsingenieur.
9. God as Regter.
10. God as Rekenaar.
11. God as Moeder.
12. God as Towenaar.

### 3.2.3 Kompilasie van die repertoireroosters

Nadat die uitvoerbaarheid en toepaslikheid van repertoireroosters volgens die neergelegde instruksies deur 'n loodsstudie met vyf respondente bepaal is, het die kompilasie van die repertoireroosters individueel plaasgevind. Dieselfde elemente as wat in die loodsstudie gebruik is, is met die oog op konstrukonthulling aan die respondente verskaf deur dit mondelings aan hulle oor te dra en terselfdertyd in geskrewe vorm op kaartjies voor te lê.

Konstrukonthulling is volgens die minimum-konteks-kaartvorm (sien Fransella & Bannister 1984:14-15) gedoen. Drie elemente is per keer aan die respondent voorgelê en hy/sy moes aandui in watter belangrike opsig

twee van sy eie keuse ooreenstem en hoedanig hulle in daardie opsig verskillend van die derde element is "...in terme van hoe dit jou persoonlik raak". In 'n poging om met die vergelyking van die elemente so verteenwoordigend as moontlik te wees en dit tog binne praktiese getalle-perke te hou, was die verskillende kombinasies van drietalle waarin die genommerde elemente met die oog op konstrukonthulling aan die respondente voorgelê is, die volgende: 1-2-3, 4-5-6, 7-8-9, 10-11-12, 1-10-12, 1-4-7, 2-5-8, 3-6-9, 4-7-10, 5-8-12, 1-4-10, 2-5-12, 1-11-12, 2-6-11, 3-5-11.

Dokumentasie van die resultate is op 'n soortgelyke wyse as wat deur Stewart en ander (1981:15-17) beskryf word, gedoen.

### 3.2.4 Kategorisering van die konstrukte

Deur die kompilasie van repertoireroosters is 1235 konstrukte onthul. Met die oog op latere interpretasie van die konstrukte is van 'n kategoriseringsproses gebruik gemaak. Holsti (1969:94-126) beskryf die proses. As eerste stap in die kategoriseringsproses is 'n stelsel van toepaslike kategorieë aan die hand van teoretiese aspekte wat in die literatuur vermeld word, ontwikkel. Met die Bybel as fundamentele en geïnspireerde literatuurbron vir die teologie as verteenwoordigend van 'n diakoniologiese epistemologie, is besluit om aan die hand van die klagformule soos dit in die Psalms in die algemeen en in Psalm 22 in die besonder figureer, toepaslike kategorieë te ontwikkel. Die struktuur van die klagformule soos deur Louw (1997:463-467) uiteengesit, is derhalwe as basis vir die ontwikkeling van 'n kategoriestelsel gebruik. Volgens hom is die basiese struktuurelemente van die klagformules die volgende:

* Die aanroep van God.
* Die beswaar of protes/aanklag.
* Herinnering as keermoment.
* Uitspreek van vertroue (geloofsbevestiging).
* Versoek en petisie.
* Bemoediging en troos.
* Lofprysing.

Met voorgenoemde struktuurelemente as riglyne word die proses waarvolgens 'n kategoriestelsel vir die klassifikasie van persoonlike konstrukte ontwikkel is, as volg geskets:

Die psalmdigter roep God direk aan in Psalm 22:2a met die woorde: "My God, my God." Hiermee gee hy erkenning aan God, aan die syn, aan

die wese van God, aan sy grootheid en majesteit. Die afstand tussen God en mens kan hier afgelei word. Psalm 19:2 bevestig hierdie gedagte: "Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend." König (1991:54) toon aan dat daar twee aspekte van die verhouding tussen God en die mens bestaan. Uit die verskil tussen God en die mens word 'n aantal aanvullende, paslike, komplementerende eienskappe afgelei, en uit die ooreenkoms tussen God en die mens word 'n aantal ooreenstemmende of analogiese eienskappe afgelei. Dit gee aanleiding tot twee afsonderlike kategorieë in die ontwerp van 'n kategoriestelsel: die eerste 'n kategorie genoem *unieke wesenseienskappe van God* en die tweede genoem *menslikheidseienskappe van God*. Eersgenoemde kategorie akkommodeer persoonlike konstrukte wat die grootheid, majesteit, mag of afstand tussen God en die mens uitdruk. Laasgenoemde kategorie bevat persoonlike konstrukte wat menslike eienskappe soos liefde, vriendelikheid, geduld en emosies aandui.

Duidelik beskrywe die psalmis die ongeborgenheid en die diepte van ellende in terme van die afwesigheid van God in Psalm 22:2b: "Waarom het U my verlaat en bly U ver as ek om hulp roep?" Psalm 69:18 verwoord die psalmdigter se pleidooi: "Moet tog nie u dienaar alleen laat nie." Hierdie kategorie word *afwesigheid* genoem. Konstrukte wat die afwesigheid van een of ander aard aandui, word hier gesorteer.

In Psalm 22:2b, 3 verwyt die digter God as hy sê:

> Waarom het U my verlaat en bly U ver as ek om hulp roep? My God, ek roep bedags en U antwoord nie, ook snags, maar ek kry geen rus nie.

Die digter formuleer hier sy probleem in die vorm van 'n protes. Daar klink selfs 'n verwyt teenoor God op. Hy lê sy hart bloot. Dit gaan om een of ander noodsituasie, 'n eksistensiële krisis, benoudheid wat ervaar word, eensaamheid, hulpeloosheid, vrees in siekte of doodsangs. Protes en opstandigheid word op direkte wyse aan God gekommunikeer. Met verwyte, besware, protes, blootlegging van die hart en die uitspreek van emosies wat negatiwiteit en ongelukkigheid as basis kan insluit, word hierdie kategorie *katarsis* genoem. Konstrukte wat die uitpraat van die hart, negatiwiteit en ongelukkigheid behels, word in hierdie kategorie gesorteer.

Soms het die psalmis 'n begrip vir sy oortredinge. Op voetspoor hiervan word die kategorie *tekortkoming* daargestel. In hierdie kategorie vind persoonlike konstrukte wat aanduiding van tekortkominge, gebreke en sonde gee, 'n plek.

In Psalm 22:5 is daar 'n keermoment by die digter as hy God aan sy reddingsdade in Israel se geskiedenis herinner: "Op U het ons vaders vertrou. Hulle het vertrou en U het hulle gered." Op indirekte wyse figureer die eksodus-tradisie as kernmoment in die gedagtewêreld van die digter. In hierdie kategorie wat *bystand* genoem word, word persoonlike konstrukte geplaas wat na goeie dade van God verwys, na hulp wat in een of ander vorm verleen word.

Vertroue in God word in Psalm 22:11 uitgespreek:

> Van my geboorte af is ek onder u sorg, van die begin van my lewe af is U my God.

Geloof in die reddende genade van God word hier bevestig. Die digter vra in Psalm 22:20-22 iets konkreets van God:

> En U, Here — moet tog nie so ver bly nie, Bron van my krag, help my tog gou! Red my van die swaard, my kosbare lewe uit die mag van die honde. Red my uit die bek van die leeu en tussen die horings van die wilde beeste uit.

Die nood en benoudheid van die individu kry hier gestalte. Hy verlang hulp in sy noodtoestand; dat God sal ingryp en hom van sy moeilike omstandighede bevry. Persoonlike konstrukte wat behoeftes aandui of vertroue dat hulp ontvang kan word, vind 'n plek in hierdie kategorie wat *vertroue* genoem word.

Die digter ontdek dat God in sy saak belangstel en hom nie alleen sal laat nie. Deur God se beloftes kry hy rus en vrede. Verligting word ervaar:

> Hulle het na U om hulp geroep en hulle is bevry; op U het hulle vertrou en hulle is nie beskaam nie (Ps. 22:6).

Hier word op gerusstelling en vertroosting gedui. Dawid is getroos deur God se ingrype. As gevolg hiervan ervaar hy 'n rustigheid en kalmte. Hierdie kategorie word derhalwe *vertroosting* genoem. Persoonlike konstrukte wat die gedagte van vertroosting, tevredenheid, gerusstelling en bemoediging uitdruk, word in hierdie kategorie geplaas.

Die digter wil God loof en prys. Hy sê in Psalm 22:26:

> My loflied in die volle vergadering kom van Hom af, my beloftes sal ek nakom voor die mense wat Hom dien.

Hy weet dat God doen wat Hy beloof het. Hierdie kategorie word *lofprysing* genoem. Persoonlike konstrukte wat lof en eer bevat, word in hierdie kategorie geklassifiseer. As uitvloeisel van die lofprysing kan die indi-

vidu ook sy dank regstreeks uitspreek. Daarom word persoonlike konstrukte wat dankbaarheid uitdruk, ook hierby ingesluit. Wanneer die digter ervaar dat God by sy saak betrokke raak en hom uitkoms bied, breek hy dikwels in gejubel uit. Gevolglik word persoonlike konstrukte wat verband hou met vreugde ook hier geakkommodeer.

Tabel 1 bied 'n oorsig van die geïdentifiseerde kategorieë met 'n sinoptiese beskrywing van die persoonlike konstrukte wat in die betrokke kategorieë geklassifiseer behoort te word. Uit die tabel is dit duidelik dat die *unieke wesenseienskappe van God* hoofsaaklik verband hou met sy grootheid. Die *menslikheidseienskappe van God* het grootliks betrekking op sy emosionele betrokkenheid by die mens. *Afwesigheid* dui aan dat God nie direk by die mens betrokke is nie. *Katarsis* verwys na die blootlegging van die mens se hart en gevoelens van opstandigheid. *Tekortkominge* het te doen met persoonlike konstrukte wat aanduidend is van onvolledigheid by God. *Bystand* hou verband met hulp wat gegee of geantisipeer word, terwyl *vertroosting* die gedagte van gerusstelling bevat en *lofprysing* die gedagte van dankbaarheid, waardering en vreugde inhou. Persoonlike konstrukte wat weens hulle aard nie in een van voorgenoemde kategorieë geplaas kan word nie, vind hier 'n heenkome.

Tabel 1: Kategoriseringstabel vir die persoonlike konstrukte

| KATEGORIE | BYBELSE FUNDERING | ALGEMENE BESKRYWING |
|---|---|---|
| Unieke wesens-eienskappe | God word in sy grootheid aangeroep | Erkenning word aan God se grootheid en mag gegee |
| Menslikheids-eienskappe | God word as "my God" aangeroep | Menslike emosies en gedrag word waargeneem |
| Afwesigheid | God antwoord nie | Die afwesigheid van iemand, iets of hulp, God is ver |
| Katarsis | Ongelukkigheid, protes, verwyte, besware en opstand word aan God gekommunikeer | Die hart word blootgelê; gevoelens van ongelukkigheid, opstandigheid, ontevredenheid |
| Tekortkoming | Begrip vir sonde en gebreke word getoon; tekortkominge word erken | Gebreke en tekortkominge word aangedui |
| Bystand | Herinnering aan hulp wat in die verlede ontvang is | Dui op enige vorm van hulp of bystand |
| Vertroue | Vertroue dat God uitkoms sal bied | Vertroue dat hulp beskikbaar sal wees; behoeftes raak bekend |

| | | |
|---|---|---|
| Vertroosting | God bied vertroosting en tevredenheid; gerusstelling en bemoediging | Gerusstelling, kalmte, tevredenheid, bemoediging |
| Lofprysing | Lof en eer word aan God gegee; God se goedheid word te kenne gegee | Lof, eer, waardering, dankbaarheid en vreugde word aangedui |
| Onbepaald | Ongespesifiseerd | Konstrukte wat nie in bogenoemde kategorieë geklassifiseer kan word nie |

Nadat die persoonlike konstrukte wat met die kompilasies van die repertoireroosters verkry is, elkeen op 'n afsonderlike kaartjie geskryf en genommer is, is die fisiese klassifikasie van die konstrukte gedoen. Die nommers van die kaartjies wat in elke kategorie geplaas is, is genoteer.

### 3.2.5 Betroubaarheid van die klassifikasiestelsel

Ten einde aan die vereiste van objektiwiteit met betrekking tot klassifikasie by inhoudsontleding te voldoen, en derhalwe die betroubaarheid van die ontledingstelsel en die daarmee gepaardgaande prosedure te toets (Holsti 1969:135-142), is 'n ewekansige monster van 200 items onafhanklik gekategoriseer deur 'n senior dosent[3] verbonde aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit van die Vrystaat. Die verband tussen hierdie stel gegewens en die resultate deur die navorser met 'n soortgelyke oefening en dieselfde data verkry, is met behulp van formules van Holsti en Scott (Holsti 1969:140) bereken. Holsti toets betroubaarheid met die volgende formule:

$$C.R. = \frac{2M}{N_1 + N_2}$$

waar M die aantal koderings is waaroor die ontleders saamgestem het en $N_1$ en $N_2$ na die aantal koderingsbesluite wat onderskeidelik deur die twee ontleders geneem is, verwys.

Die betroubaarheidstelling wat deur die berekening tussen die twee stelle gegewens met bogenoemde formule verkry is, was C.R. = 0,95. Die formule word egter gekritiseer omdat dit nie die ooreenstemming wat deur die kodeerders as gevolg van die toeval verkry mag word, in aanmerking neem nie. Deur die invloed van die toeval sal die ooreenstemming tussen die klassifikasies van die beoordelaars toeneem wanneer die aantal kategorieë verminder (Van Jaarsveld 1986:145). Ten einde hierdie beswaar die hoof te bied, is die volgende formule wat sowel die aantal kategorieë in die

3 Ds. M. C. Potgieter.

ontledingstelsel as die relatiewe gebruik van elke kategorie in berekening bring, en deur Holsti (1969:140) aangehaal word, gebruik:

$$pi = \frac{\%\ \text{waargenome ooreenstemming} - \%\ \text{verwagte ooreenstemming}}{1 - \%\ \text{verwagte ooreenstemming}}$$

waar die *persentasie waargenome ooreenstemming* die beoordelings verteenwoordig waaroor die beoordelaars ooreenstem en die *persentasie verwagte ooreenstemming* ooreenstemming as gevolg van die toeval aandui.

*Persentasie verwagte ooreenstemming* deur die toeval word bereken deur die proporsie items in elke kategorie van die totale stel kategorieë te bepaal en die somtotaal van die kwadrate te bereken. Berekening van die persentasie verwagte ooreenstemming as gevolg van die toeval, het 'n waarde van 0,13 gelewer wat beteken dat indien die twee kodeerders die items op 'n toevallige wyse aan die kategorieë toegeken het, hulle klassifikasies in 13% van die items ooreen sou gekom het.

Instelling van *Proporsie ooreenstemming* = 0,95 en *Proporsie verwagte ooreenstemming* = 0,13 in die betrokke formule het 'n meer konserwatiewe berekening van betroubaarheid, naamlik pi = 0,94 gelewer.

Holsti (1969:142) wys daarop dat die definiëring van 'n aanvaarbare vlak van betroubaarheid by inhoudsontleding geen eenvoudige oplossing het nie, maar dat dit binne die konteks van die navorsingsprobleem beoordeel moet word. Alles in ag genome word daar derhalwe in die onderhawige navorsingsopset tot die gevolgtrekking gekom dat die navorser se klassifikasie objektief volgens bevredigende prosedure plaasgevind het.

# 4. BESPREKING

Die doel met hierdie navorsingsopset is om aan die hand van 'n aantal metafore vir God mense se Godskonsepte te bepaal. Met hierdie doel voor oë is die persoonlike konstrukte wat individueel by 'n geselekteerde groep individue deur middel van 'n aangepaste vorm van die reperoirerooster onthul is, aan inhoudsontleding onderwerp. Dit blyk dat hierdie metode besonder geskik is om nie alleenlik tendense betreffende Godskonsepte by geselekteerde groepe individue te identifiseer nie, maar ook die Godskonsepte wat 'n enkeling huldig.

## 4.1 Tendensbepaling van Godskonsepte by groepe individue

Inligting wat deur middel van die aangepaste repertoirerooster bekom is, is uit verskillende perspektiewe geanaliseer en geïnterpreteer.

### 4.1.1 Vergelyking van die metafore vir God

Deur inspeksie van die gebruik van die verskillende metafore vir God is merkbare verskille tussen die metafore waargeneem:

Wanneer die metafore *Geweldige Krag* en *Vader* vergelyk word, val die volgende op: teenoor die konkrete figuur van die *Vader* word die *Geweldige Krag* as 'n abstrakte konsep beskou. Met die *Geweldige Krag* is die mens nie vertroud nie, terwyl hy weet wat om van die *Vader* te verwag. Die *Geweldige Krag* is, in teenstelling met die *Vader*, onpersoonlik. Hy stel gevolglik nie veel in die doen en late van die mens belang nie. By die *Geweldige Krag*, anders as by die *Vader*, speel emosies nie 'n rol nie. Liefde kom derhalwe by eersgenoemde nie ter sprake nie.

Wanneer die metafoor *Vriend* met sommige van die ander metafore vergelyk word, kom die volgende in die konstruering na vore: die metafoor *God as Vriend* geniet nie dieselfde status as *God as Vader* nie. Anders as die *Vader* en die *Geweldige Krag*, is Hy nie skeppend of magtig nie. Teenoor die *Geweldige Krag* is Hy verstaanbaar en beskik oor emosionele magte. Ook verwag Hy nie respek van die mens soos die *Vader* en die *Geweldige Krag* nie.

In vergelyking met sommige van die ander metafore is *God as Verlosser* meer op die agtergrond. Hy kom nie na die mens nie, maar die mens moet na Hom toe gaan. Daar is by Hom ook nie 'n manifestering van krag soos by sommige van die ander metafore nie, maar eerder genade. Verder is daar met die *Verlosser* slegs eenmalige kontak. Sy werk het niks met mag te doen nie, terwyl daar van mag by ander metafore melding gemaak word.

Wanneer die metafore *God as Vader* en *God as Moeder* gekontrasteer word, blyk dit dat die *Vader* respek van die mens verwag en dit deur vrees afdwing, terwyl dit met die moeder nie die geval is nie. Teenoor die *Moeder* wat vir die mens slegs riglyne verskaf, is die *Vader* bevelend en sê voor wat gedoen moet word. Ook word die *Vader* as ver verwyderd ervaar in vergelyking met die *Moeder*, veral deur die jonger respondente.

In vergelyking met sommige van die ander metafore word die *Towenaar* as relatief onbeduidend aangeslaan.

### 4.1.2 Vergelyking van die konstruk-kategorieë

Met die kompilasie van die repertoireroosters is 1235 konstrukte deur vyftig respondente onthul. Die konstrukte is in die kategorieë wat na analogie van die klaagpsalms ontwikkel is, geklassifiseer. Statistiese verwerking van die klassifisering word in Tabel 2 verstrek.

Tabel 2: Verspreiding van die konstrukte per kategorie

| Kategorie | Frekwensie uit totale konstrukte | Persentasie uit totale konstrukte | Frekwensie uit totale respondente | Persentasie uit totale respondente |
|---|---|---|---|---|
| Unieke wesens-eienskappe | 208 | 16,8 | 40 | 80,0 |
| Menslikheids-eienskappe | 181 | 14,7 | 43 | 86,0 |
| Afwesigheid | 58 | 4,7 | 14 | 28,0 |
| Katarsis | 169 | 13,7 | 37 | 74,0 |
| Tekortkoming | 202 | 16,4 | 35 | 70,0 |
| Bystand | 153 | 12,4 | 36 | 72,0 |
| Vertroue | 46 | 3,7 | 18 | 36,0 |
| Vertroosting | 122 | 9,9 | 33 | 66,0 |
| Lofprysing | 64 | 5,2 | 25 | 50,0 |
| Onbepaald | 32 | 2,6 | 15 | 30,0 |

Die eerste kolom van Tabel 2 dui die benaming van die kategorie aan. Kolom 2 toon die aantal konstrukte wat in die betrokke kategorie ingedeel is. Kolom 3 verteenwoordig die persentasie konstrukte in daardie bepaalde kategorie uit die totale getal konstrukte. Kolom 4 dui die aantal respondente aan by wie die konstrukte van die betrokke kategorie voorgekom het. Kolom 5 verskaf die persentasie respondente by wie die konstrukte van die betrokke kategorie voorgekom het.

Noukeurige inspeksie van Tabel 2 bring aan die lig dat sekere tendense waarneembaar is. By die totale aantal respondente kom die meeste konstrukte voor in die kategorie wat oor die *unieke wesenseienskappe van God* handel. Daarna, nog relatief hoog, volg in dalende volgorde die konstrukte wat betrekking het op *tekortkoming*, God se *menslikheidseienskappe*, *katarsis*, *bystand* en *vertroosting*. Aansienlik laer in frekewensie kom die konstrukte wat handel met *afwesigheid*, *lofprysing* en *vertroue*.

Dit impliseer: by die respondente in die algemeen geniet die kategorie waarin erkenning aan die grootheid, mag, voortdurende beskikbaarheid, onveranderlikheid en onvoorspelbaarheid van God gegee word, merkbare voorkeur bo die ander kategorieë. Boordeling van die metafore vir Wie of

Wat as God aanvaarbaar is, tesame met die menslikheidseienskappe van God soos emosionele betrokkenheid, en die blootlê van die hart in die vorm van protes, frustrasie en gebrek aan kommunikasie met God, beklee belangrike tweede plekke by individue se Godskonsepte in die algemeen. Versorging, hulp en bystand deur God neem 'n ietwat laer prioriteit in. Die nabyheid van God, asook individue se vertroue dat God beter toestande sal bewerkstellig, vertroosting in die vorm van die individue se belange wat op die hart gedra word, tesame met erkenning aan die goedheid van God, geniet besonder lae prioriteit.

Van Jaarsveld (2001:215-217, 218-221, 222-233) het egter aangetoon dat hoewel die voorafgaande beskrywing van die groep respondente se Godskonsepte geld, verdere ontleding van vroeë-, middel- en laat-volwasse respondente met insiggewende waarnemings gedoen kan word.

### 4.2 Bepaling van Godskonsepte by enkel-individue

Die repertoirerooster-tegniek in sy aangepaste vorm leen hom uitmuntend om 'n enkel-persoon se Godskonsepte te identifiseer met die oog op byvoorbeeld pastorale terapie. Ten einde hierdie stelling te illustreer word die inhoudsontleding van 'n vyf en twintigjarige vroulike respondent se konstruering van die metafore vir God kursories weergegee:

Die respondent glo in 'n allesomvattende God. Hierdie God het 'n plan met haar lewe. Met die uitvoer van die plan skep Hy by haar ambivalente emosies van gelukkigheid en ongelukkigheid.

*God is allesomvattend*. God kan alles doen. Sy onbeperkte mag word deur die metafoor van die *Geweldige Krag* beskryf. As *Geweldige Krag* beweeg Hy op die agtergrond vanwaar Hy alles beheer. Hy dring Hom nie aan haar op nie. Indien sy iets van Hom verlang, dan moet sy na Hom toe gaan. Dan luister Hy na haar en gee haar raad en riglyne vir die verdere hantering van die probleem waaroor sy Hom genader het. Die *Geweldige Krag* manifesteer Hom in die vorm van die ander metafore. In die metafoor van die *Verlosser* tree God byna net so allesomvattend soos die *Geweldige Krag* in die agtergrond op. Teenoor hierdie twee is God in die personifikasies van die ander metafore minder allesomvattend. God kan soos 'n *Rekenaar* alles moontlik doen. Dit is in teenstelling met die *Trooster*, *Towenaar* en *Sadis* wat eensydig is en gevolglik net een ding kan doen. God beskerm en versorg die mens. In die personifikasie van die *Vader*, *Moeder*, *Vriend*, *Rekenaar* en *Regter* is Hy elke dag beskikbaar. Die *Vader* en die *Moeder* is egter hoofsaaklik ingestel op tydelike versorging. Hulle help veral op die materiële vlak soos met die voorsiening van kos en klere.

*God het 'n plan met haar lewe*. In die rol van die *Vader* het die allesomvattende God 'n uitgewerkte plan vir haar lewe. Die plan fokus daarop dat sy uiteindelik 'n eindbestemming, wat ook die hemel genoem kan word, moet bereik. As *Vader* het God die vermoë om hierdie plan uit te voer. Met die realisering van die plan gee Hy rigting aan haar lewe. Hy doen dit egter nie deur slegs raad en riglyne aan haar te verskaf nie, maar deur op 'n outoritêre wyse aan haar voor te sê en haar met straf vir ongehoorsaamheid in die gewenste rigting te dwing. Haar vryheid word dus beperk. Dit is hier waar God ook in die rol van *Sadis* betrek word. Deur haar seer te maak en dinge van haar weg te neem, bestuur Hy haar lewe so dat die uitgewerkte plan van haar lewe gerealiseer word. Die wroeging wat sodoende deur die beperking van haar vryheid veroorsaak word, word egter deur God in die rol van *Trooster* versag.

*God veroorsaak ambivalente emosies by haar*. God beskik oor die vermoë om haar by tye gelukkig te maak en ander tye ongelukkig. As 'n *Geweldige Krag* wat in die agtergrond werk, tree Hy nie bevelend op nie, maar gee aan haar slegs raad en riglyne. Hy laat dus aan haar 'n eie besluitnemingsreg en vryheid van doen en late toe. Dit is egter respek vir Hom wat haar handelinge beperk. In die personifikasie van die *Vriend* stem God grootliks ooreen met haar beskouing van die *Geweldige Krag*. Omdat die *Vriend* nie outoritêr optree nie, kan sy in sy teenwoordigheid haarself wees, kan sy ontspanne en natuurlik wees. As *Verlosser* gee God ook aan haar vryheid sonder om haar tot verantwoording te roep, dog net soos by die *Moeder* moet sy tog versigtig wees met wat sy in sy teenwoordigheid doen. Hierteenoor veroorsaak die bevelende optrede van God in die personifikasie van die *Vader* en die *Bedryfsingenieur* ongelukkigheid deur vir haar voor te sê wat sy moet doen.

## 5. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Die identifisering van mense se Godskonsepte is uit veral twee gesigspunte van besondere belang: eerstens vir navorsingsdoeleindes en tweedens met die oog op pastorale terapie. Identifiseringsmetodes wat in die verlede aangewend is, stel nie genoegsaam tevrede nie. Die aangepaste repertoirerooster-tegniek soos in hierdie navorsingsopset bekend gestel, leen hom egter uitmuntend as 'n metode om die konsepte wat mense van God huldig, onbevooroordeeld en met 'n minimum kennis van psigologie te bepaal. Besonder goedomlynde Godskonsepte word onthul. Die tegniek laat die gesprek tussen onderhoudvoerder en respondent vlot verloop. Die onderhoud is nie te wyd nie omdat daar struktuur in die proses is, maar die respondent gee self inhoud daaraan. Hy/sy word net deur die tegniek by 'n bepaalde

prosedure en onderwerp gehou. Die normale duur van so 'n gesprek is gewoonlik veertig tot sestig minute.

# BIBLIOGRAFIE


ANASTASI A
1963. *Psychological testing*. 2nd ed. New York: Macmillan.

BANNISTER D (red.)
1970. *Perspectives in personal construct theory*. New York: Academic Press.

BASSET R L *et al*.
1990. Picturing God: a nonverbal measure of God concept for conservative protestants. *Journal of Psychology and Christianity* 9(2):73-81.

BEARD R
1978. Teachers' and pupils' construing of reading. In: Fransella 1978:69-74.

DAVISSON A
1978. George Kelly and the American mind (or why has he been obscure for so long in the U.S.A. and whence the new interest?). In: Fransella 1978:25-33.

DE KLERK W
1998. Calvinistiese kerke in SA is erg verweer. *Volksblad* 24 Sept:9.

FRANSELLA F (red.)
1978. *Personal construct psychology 1977*. London: Academic Press.

FRANSELLA F & BANNISTER D
1984. *A manual for repertory grid technique*. London: Academic Press.

GROSSOEHME D H
1996. Prayer reveals belief: images of God from hospital prayers. *The Journal of Pastoral Care* 50(1):33-39.

HJELLE L A & ZIEGLER D J
1983. *Personality theories: basic assumptions, research, and applications*. 2nd ed. Auckland: McGraw-Hill.

HOLSTI O R
1969. *Content analysis for the social sciences and humanities*. Reading, Massachusetts: Addison-Wesley Publishing Company.

KELLY G A
1955. *The psychology of personal constructs: a theory of personality*. New York: Norton.

1963. *A theory of personality*. New York: Norton.
1969. Clinical psychology and personality. In: Möller 1995:138-139.
1970. A brief introduction to personal construct theory. In: Bannister (red.) 1970:1-29.

KERRICK-MACK J
1978. The role construct repertory grid as a process for facilitating self-awareness and personal growth. In: Fransella 1978:117-118.

KÖNIG A
1991. *Bondgenoot en beeld. Gelowig nagedink*. *Deel 4*. Halfway House: N.G. Kerkboekhandel.

LOUW D J
1997. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting: teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Kaapstad: Lux Verbi.

MCFAGUE S
1987. *Models of God*. Philadelphia: Fortress.

MESHOULAM U
1978. There is more to stuttering than meats the ear: stutterers' construing of speaking situations. In: Fransella 1978:103-115.

MÖLLER A T
1995. *Perspectives on personality*. Durban: Butterworths.

PIETERSE H J C, SCHEEPERS P L H & VAN DER VEN J A
1993. Plural religious beliefs: a comparison between the Dutch and white South Africans. *HTS* 49(1/2):189-207.

POPE M
1978. Monitoring and reflecting in teacher training. In: Fransella 1978:75-86.

SHAW M L G
1978. Interactive computer programs for eliciting personal models of the world. In: Fransella 1978:59-67.

SMITH D & VETTER J
1982. *Theoretical approaches to personality*. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall.

STEWART V, STEWART A & FONDA N
1981. *Business applications of repertory grid*. London: McGraw-Hill.

SULLY M
1997. The construct of work and non-work in rural South Africa. *South African Journal of Psychology* 27(3):127-133.

VAN JAARSVELD F J
1986. 'n Ondersoek na die loopbaandilemmas van middeljarige mans deur gebruikmaking van die repertoire-rooster. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.
2001. Die rol van Godskonsepte vir pastorale terapie: 'n konstrukteoretiese benaderig. Ph.D.-proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
|---|---|
| Pastoraat | Pastoral counselling |
| Godskonsepte | Concepts of God |
| Repertoirerooster | Repertory grid |